

Beantwoord twee vrae: EEN vraag uit Afdeling A – Prosa en EEN vraag uit Afdeling B – Poësie.

AFDELING A

PROSA

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling. Beantwoord Vraag 1 of Vraag 2.

My broer se kraai – Chris Barnard

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

Hy was nog net so vraatsig en venynig soos altyd, maar hy het nie meer so goed gelyk soos vroeër nie. Hy het kruppel geloop en sy snawel was stomp en sy vlerkvere yl en bederf.

Ons het dikwels oor die kraai gepraat middae op die stoep, saans aan tafel. Ons het my broer probeer oortuig dat dit vir die kraai beter sou wees as hy losgelaat word. Hy is ongelukkig in die hok en hy maak homself seer. Maar my broer het gevoel dis sy kraai – hy het hom gevang, hy het vir hom 'n hok gemaak, hy het hom gevoer, hy sal besluit wat vir die kraai die beste is.

Ons het almal geweet: nie wat vir die kraai die beste is nie, maar wat vir my broer die aanvaarbaarste is. Maar niemand het dit harop gesê nie.

Later het ons ander die hok begin vermy. Dit was nie meer mooi om na die kraai te kyk nie. Hy was byna altyd iewers stukkend, sy stappie het al stywer geword, sy snawel al stomper. Ons sou graag van die kraai wou vergeet as ons kon – maar sy verwoede gelag wat saans oor die stil werf weergalm, het ons nie toegelaat om van hom en sy hok te vergeet nie.

1. Waar het die verteller se broer die kraai gekry? (2)
2. Wat het die kraai so vraatsig gevreet? (2)
3. Waarom sou dit beter vir die kraai gewees het om losgelaat te word? Noem **twee** redes. (4)
4. Waarom het die verteller gevoel die kraai is nie rêrig sy broer se kraai nie? (4)
5. Watter geluid het die kraai gemaak? (2)
6. Waarom wou niemand later meer oor die kraai praat nie? (2)
7. Waarom het almal later die kraai se hok vermy? (2)
8. Watter lewensles is daar in hierdie storie opgesluit? (2)

[20]

OF

VRAAG 2

Lied oor Niemandslan – Jan Rabie

"Kom huis toe, dis koud." Sy moeder het gebewe terwyl sy opstaan in sy gesig so oud en verwese soos hare.

"Vyf jaar," het hy dof en stil teenoor homself herhaal.

Nóg daardie aand nóg die dae daarna het Evert weer van haar gepraat, en sy moeder het haar naam nie een maal genoem nie. Hy het werk gekry in die fabriek agter die stasie, en elke aand op pad huis toe 'n tyd lank aan die rand van die plein deur die winter-grysheid na die huise aan die oorkant gestaar.

'n Week na Evert se terugkeer het 'n sneeustorm oor die huise neergeslaan. Na sy terugkeer deur die warrelende geelgrys skemer van die strate, en terwyl hy net binne die deur gaan staan, vooroorgeboë om sneeuvlokke van sy skouers en hare te skud, het hy nie dadelik die meisie bemerk waar sy selfbewus aan sy moeder se sy voor die vuurherd staan en glimlag nie.

1. Hoekom was Evert se gesig net so oud en verwese soos sy moeder s'n? (4)
2. Van wie word nie meer in reël 4 nie gepraat? (2)
3. Noem **twee** feite waaruit ons kan aflei dat hierdie verhaal in Europa afspeel. (4)
4. Noem die verskillende maniere waarop Evert se ma probeer om hom te laat afsien van sy vorige meisie. (4)
5. Waarom kon Evert nie met sy vorige meisie trou nie? (4)
6. Hoekom was Evert bereid om met 'n ander meisie te trou as sy vorige meisie na die grensdraad sou kom? (2)

[20]

AFDELING B – POËSIE

Beantwoord EEN vraag uit hierdie afdeling. Beantwoord dus Vraag 3 of Vraag 4.

VRAAG 3

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die daaropvolgende vrae.

By 'n sterwende kindjie – I.L. de Villiers

Eddie, kan jy my hoor?
Dis ek, oom Dominee.

Jy moenie bang wees nie,
die Here Jesus sal jou self kom haal,
jou handjie vat.
Jy is mos lief vir Hom.
Weet jy, die stad waar Hy woon
is so mooi met pêrelpoorte
en fonteine. Sagaria, die profeet, sê
oral op die pleine en strate
speel die kindertjies.
Moet ek dit vir jou lees?

Jy wou iets sê?
Wag, ek kom nader –
Kon nie mooi verstaan nie.

Jy wil nie gaan nie.

1. Wie is hier aan die woord? (2)
2. Met wie praat die persoon? (2)
3. Hoe probeer hy die kindjie voorberei vir die dood? Noem **drie** dinge. (6)
4. Watter geslag is die kindjie? Gee **een** bewys. (4)
5. Hoe wil die spreker die kindjie verseker dat hy die waarheid praat? (2)
6. Waarheen wil die kindjie nie gaan nie? (2)
7. Watter lewensfeit kom in die gedig na vore? (2)

[20]

OF

VRAAG 4

Lees die volgende gedig en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

Klara Majola – D.J. Opperman

Klara Majola wou haar vader
toe die skemer sak, gaan haal
waar hy, die blinde, hout vergader;
Maar Klara Majola het verdwaal.

Klein Klara Majola lê verkluum
in die Bokkeveld se bros kapok,
haar arms en bene bruin
en kromgetrek soos 'n wingerdstok.

Klara Majola, die koue geweld
sif stadiger uit oor die ruim,
maar nooit sal ek in die Bokkeveld
so warm, Klara Majola, soos jy verkluum.

1. Wat wou Klara Majola in die veld gaan haal en hoekom? (4)
2. Op watter tyd van die dag en in watter seisoen speel hierdie gedig af? (4)
3. In watter deel van die land het hierdie gebeurtenis plaasgevind? (2)
4. Waarom het Klara Majola nie daardie aand by die huis aangekom nie? (4)
5. Watter woord in strofe 2 sê vir jou dat Klara Majola dood is? (2)
6. Haal 'n vergelyking uit strofe 2 aan. (2)
7. Skryf die laaste twee versreëls in jou eie woorde om die betekenis duidelik te laat blyk. (2)

[20]

[TOTAL: 40]